Vol. 579 Cape Town, Kaapstad, 26 September 2013 No. 36878

THE PRESIDENCY

No. 716 26 September 2013

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 3 of 2013: Transport Laws and Related Matters Amendment Act, 2013

DIE PRESIDENSIE

No. 716 26 September 2013

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No 3 van 2013: Wysigingswet op Vevoerwette en Aanverwante Aangeleenthede, 2013

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 21 September 2013)

ACT

To amend the Cross-Border Road Transport Act, 1998, to empower the Cross-Border Road Transport Agency to collect toll on behalf of the South African National Roads Agency Limited; and to amend The South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998, to insert a definition; to further provide for the differentiation in respect of the amount of toll that may be levied; to provide that the regulations made by the Minister must be published by notice in the *Gazette*; to provide for the Minister to make regulations relating to specified toll-related matters; to provide for the Minister to publish draft regulations in the *Gazette* calling for public comment; to provide for certain presumptions relating to the driving, operation and use of vehicles on a toll road and the use of electronic evidence to prove an alleged contravention of the South African National Roads Agency Limited and National Roads Act; to exclude the levying and collection of toll from the ambit of the National Credit Act, 2005; to amend the Contents of the Act; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 4 of Act 4 of 1998

1. Section 4 of the Cross-Border Road Transport Act, 1998, is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(4) The Agency may collect toll on behalf of the South African National Roads Agency Limited in terms of an agreement, between the Agency and the South African National Roads Agency Limited, concluded under section 28(1)*(a)* of the South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998 (Act No. 7 of 1998).".

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(English text signed by the President)
(Assented to 21 September 2013)

WET

Tot wysiging van die Wet op Oorgrenspadvervoer, 1998, ten einde die Oorgrenspadvervoeragentskap te magtig om tot namens die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk in te vorder; tot wysiging van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998, ten einde 'n omskrywing in te voeg; verder voorsiening te maak vir die onderskeiding ten opsigte van hoeveel tol gehef kan word; voorsiening te maak dat die regulasies deur die Minister uitgereik by kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer moet word; voorsiening te maak vir die Minister om regulasies uit te reik oor vermelde tolverwante aangeleenthede; voorsiening te maak vir die Minister om konsepregulasies in die *Staatskoerant* te publiseer vir openbare kommentaar; voorsiening te maak vir bepaalde aannames betreffende die bestuur, bedryf en gebruik van voertuie op 'n tolpad en die gebruik van elektroniese bewyse om 'n beweerde oortreding van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, te bewys; die heffing en invordering van tol van die bestek van die "National Credit Act, 2005", uit te sluit; die Inhoud van die Wet te wysig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DIE PARLEMENT van die Republiek van Suid-Afrika bepaal, soos volg:—

Wysiging van artikel 4 van Wet 4 van 1998

1. Artikel 4 van die Wet op Oorgrenspadvervoer, 1998, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(4) Die Agentskap kan tot namens die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk invorder ingevolge 'n ooreenkoms, tussen die Agentskap en die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk, aangegaan kragtens artikel 28(1)*(a)* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet No. 7 van 1998).".

Amendment of section 1 of Act 7 of 1998

2. Section 1 of The South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998, is hereby amended by the insertion after the definition of "national road" of the following definition:

" **'owner'**, in relation to a vehicle, has the meaning ascribed to it in section 1 of the—

(a) National Road Traffic Act, 1996 (Act No. 93 of 1996); and

(b) Cross-Border Road Transport Act, 1998 (Act No. 4 of 1998);".

Amendment of section 27 of Act 7 of 1998

3. Section 27 of The South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998, is hereby amended—

(a) by the addition in subsection (3)*(b)* of the following subparagraphs:

"(v) the means by which the passage of a vehicle beneath or through a toll plaza is identified and the liability to pay toll is recorded; and

(vi) the means of payment, including pre-payment of toll liability;".

(b) by the insertion in subsection (4) of the following paragraphs after paragraph *(b)*:

"*(b*A*)* the Agency, in co-operation with the municipality contemplated in subsection (4)*(b)*(ii) and the province in which the proposed toll road is situated, has performed a socio-economic and traffic impact assessment pertaining to the proposed toll road which must be submitted to the Minister and made available to the province and every municipality contemplated in subsection (4)*(b)*;

*(b*B*)* a notice of the publication of the report contemplated in paragraph *(b*A*)* is published in the *Gazette*, indicating the availability of such report;"; and

(c) by the substitution in subsection (4) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* the Agency, in applying for the Minister's approval for the declaration, has forwarded its proposals in that regard to the Minister together with a report on the comments and representations that have been received (if any). In that report the Agency must indicate—

(i) the outcome of the assessment contemplated in paragraph *(b*A*)*;

(ii) the extent to which any of the matters raised in those comments and representations have been accommodated **[in those proposals]**; and

(iii) the steps proposed to mitigate against the impact or likely impact on alternative roads with regard to maintenance and traffic management that may result from the declaration contemplated in subsection (1); and".

Amendment of section 58 of Act 7 of 1998

4. Section 58 of The South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"(1) The Minister, after consultation with the Agency and by notice in the *Gazette*, may make regulations that are not inconsistent with this Act—";

(b) by the insertion in subsection (1) of the following paragraphs after paragraph *(d)*:

"*(d*A*)* providing for the terms and conditions applicable to the payment of toll and for the establishment of a system that permits the registration of persons liable to pay toll;

*(d*B*)* providing specifications for—

(i) any tolling equipment, electrical, electronic or mechanical device or a combination thereof used for the identification of vehicles on toll roads in order to record the liability to pay toll; and

Wysiging van artikel 1 van Wet 7 van 1998

2. Artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998, word hierby gewysig deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "dorp" in te voeg:

" **'eienaar'**, met betrekking tot 'n voertuig, dit wat in artikel 1 van die—

(a) Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996); en

(b) Wet op Oorgrenspadvervoer, 1998 (Wet No. 4 van 1998),

daaraan toegeskryf is;".

Wysiging van artikel 27 van Wet 7 van 1998

3. Artikel 27 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998, word hierby gewysig—

(a) deur die volgende subparagrawe in subartikel (3)*(b)* by te voeg:

"(v) die wyse waarop die deurgang van 'n voertuig onder of deur 'n tolhek geïdentifiseer word en die aanspreeklikheid om tol te betaal opgeneem word; en

(vi) die wyse van betaling, met inbegrip van voorafbetaling van tolaanspreeklikheid;";

(b) deur die volgende paragrawe na paragraaf *(b)* in subartikel (4) in te voeg:

"*(b*A) die Agentskap, in samewerking met die munisipaliteit in subartikel (4)*(b)*(ii) beoog en die provinsie waarin die voorgestelde tolpad geleë is, 'n sosio-ekonomiese en vervoer-impakassessering oor die voorgestelde tolpad gedoen het, wat aan die Minister voorgelê moet word en aan die provinsie en elke munisipaliteit in subartikel (4)*(b)* beoog, beskikbaar gemaak moet word;

*(b*B) 'n kennisgewing van die publikasie van die verslag in paragraaf *(b*A) beoog word in die *Staatskoerant* gepubliseer, waarin die beskikbaarheid van sodanige verslag aangedui word;"; en

(c) deur in subartikel (4) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* die Agentskap, by sy aansoek om die Minister se goedkeuring vir die verklaring, sy voorstelle in dié verband aan die Minister gestuur het saam met 'n verslag oor die kommentaar en vertoë wat ontvang is (indien daar is). In daardie verslag moet die Agentskap **[die mate]** aandui—

(i) die resultaat van die assessering in paragraaf *(b*A) beoog;

(ii) die mate waarin enige van die aangeleenthede wat in die kommentaar en vertoë geopper is, **[in dié voorstelle]** geakkommodeer is; en

(iii) die stappe voorgestel vir die versagting van die impak of waarskynlike impak op alternatiewe paaie ten opsigte van onderhoud en vervoerbestuur wat die verklaring beoog in subartikel (1), tot gevolg kan hê; en".

Wysiging van artikel 58 van Wet 7 van 1998

4. Artikel 58 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998, word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"(1) Die Minister kan na oorlegpleging met die Agentskap en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, regulasies uitvaardig wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie—";

(b) deur die volgende paragrawe na paragraaf *(d)* in subartikel (1) in te voeg:

"*(d*A) wat voorsiening maak vir die voorwaardes en bedinge van toepassing op die betaling van tol en die instelling van 'n stelsel wat die registrasie toelaat van persone wat tol moet betaal;

*(d*B) wat spesifikasies voorsien vir—

(i) enige toltoerusting, elektriese, elektroniese of meganiese toestel of 'n kombinasie daarvan wat vir die identifikasie van voertuie op tolpaaie gebruik word ten einde aanspreeklikheid vir die betaling van tol op te neem; en

(ii) the installation, maintenance and verification of the device and tolling equipment contemplated in subparagraph (i);

(dC) providing for—

(i) the manner in which the liability to pay toll will be recorded, including the time and the manner in which such toll must be paid;

(ii) the payment of toll in cash, electronically or by other method, which is subject to but not dependent on any conditions that the Agency may determine under section 27(1)*(b)*;

(iii) the offences and penalties applicable to the owner or user or driver of a vehicle in the event of the non-payment of toll;

(iv) the method of notifying the owner, driver or the user of the vehicle of his or her liability to pay toll; and

(v) the manner of recovering outstanding payment of toll; and";

(c) by the insertion after subsection (1) of the following subsections:

"(1A) The regulations contemplated in subsection (1)*(dA)* to *(dC)* may provide for the issuing of directions, conditions or requirements for matters connected therewith.

(1B) Before the Minister makes any regulation contemplated in subsection (1), the Minister must submit a draft of the proposed regulation to Parliament for comment."; and

(d) by the addition of the following subsection:

"(4) Before the Minister makes any regulation, he or she must publish a draft of the proposed regulation in the *Gazette* together with a notice calling on interested persons to comment in writing within a period specified in the notice, which may not be less than four weeks from the date of publication of the notice, any objections or representations which they would like to make with the Director-General for submission to the Minister.".

Insertion of section 59A in Act 7 of 1998

5. The following section is hereby inserted in The South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998, after section 59:

"**Presumptions**

59A. (1) In the absence of evidence to the contrary, where it is necessary to prove who was driving, operating or using the vehicle at the time when the liability to pay toll was incurred, it shall be deemed that such vehicle was driven, operated or used by the owner of the vehicle—

(a) in respect of any prosecution in terms of this Act relating to the driving, operation or use of a vehicle on a toll road or the payment of toll; or

(b) in any legal proceedings instituted by the Agency for the recovery of outstanding toll monies.

(2) For the purposes of subsection (1) and in the absence of evidence to the contrary, where the owner of the vehicle concerned is a juristic person, it shall be deemed that such vehicle was driven, operated or used as contemplated in that subsection by an employee of the owner of the vehicle in the course and scope of its business.

(3) In a prosecution for an alleged contravention of this Act where electronic evidence is produced and if the machine producing the electronic evidence has been checked for correct working and reading by a person trained in the operation thereof, such electronic evidence upon its production shall, in the absence of evidence to the contrary, be presumed to be accurate and may be used to prove the alleged contravention.

(ii) die installasie, onderhoud en verifiëring van die toestel en toltoerusting in subparagraaf (i) beoog;

(dC) wat voorsiening maak vir—

(i) die wyse waarop aanspreeklikheid vir die betaling van tol opgeneem sal word, met inbegrip van hoe en wanneer sodanige tol betaal moet word;

(ii) die betaling van tol in kontant, elektronies of enige ander metode, wat onderhewig is aan maar nie afhanklik nie van enige voorwaardes wat die Agentskap kragtens artikel 27(1)*(b)* kan bepaal;

(iii) die misdrywe en strawwe van toepassing op die eienaar of gebruiker of bestuurder van 'n voertuig in die geval van niebetaling van tol;

(iv) die metode waarvolgens die eienaar, bestuurder of die gebruiker van die voertuig van sy of haar aanspreeklikheid om tol te betaal in kennis gestel word; en

(v) die wyse waarop uitstaande tolbetalings ingevorder word; en";

(c) deur die volgende subartikels na subartikel (1) in te voeg:

"(1A) Die regulasies in subartikel (1)*(dA)* tot *(dC)* beoog kan voorsiening maak vir die uitreiking van voorskrifte, voorwaardes of vereistes vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(1B) Voor die Minister enige regulasie beoog in subartikel (1) uitvaardig, moet die Minister 'n konsep van die voorgestelde regulasie vir kommentaar aan die Parlement voorlê."; en

(d) deur die volgende subartikel by te voeg:

"(4) Voor die Minister enige regulasie uitvaardig, moet hy of sy 'n konsep van die voorgestelde regulasie in die *Staatskoerant* publiseer saam met 'n kennisgewing waarin 'n beroep op belangstellende persone gedoen word om skriftelik kommentaar te lewer binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, wat nie minder as vier weke vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing mag wees nie, met inbegrip van enige besware of vertoë wat hulle aan die Direkteur-generaal wil maak vir voorlegging aan die Minister.".

Invoeging van artikel 59A in Wet 7 van 1998

5. Die volgende artikel word hierby na artikel 59 in die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998, ingevoeg:

"**Veronderstellings**

59A. (1) Waar bewys moet word wie die voertuig bestuur, bedryf of gebruik het toe die aanspreeklikheid om tol te betaal opgedoen is, sal by gebrek aan bewyse tot die teendeel, geag word dat sodanige voertuig bestuur, bedryf of gebruik is deur die eienaar van die voertuig—

(a) ten opsigte van enige vervolging ingevolge hierdie Wet wat verband hou met die bestuur, bedryf of gebruik van 'n voertuig op 'n tolpad of die betaling van tol; of

(b) in enige gedinge deur die Agentskap ingestel om uitstaande tolgeld in te vorder.

(2) By die toepassing van subartikel (1) en by gebrek aan bewyse tot die teendeel, waar die eienaar van die betrokke voertuig 'n regspersoon is, sal geag word dat sodanige voertuig bestuur, bedryf of gebruik is soos in daardie subartikel beoog, deur 'n werknemer van die eienaar van die voertuig in die verloop en bestek van sy besigheid.

(3) In 'n vervolging vir 'n beweerde oortreding van hierdie Wet waar elektroniese bewyse voorgelê word en indien die masjien wat die elektroniese bewyse produseer deur 'n persoon wat in die bedryf daarvan opgelei is vir korrekte werking en lesing nagegaan is, sal sodanige elektroniese bewyse by voorlegging daarvan, by gebrek aan bewyse tot die teendeel, veronderstel word akkuraat te wees en kan dit gebruik word om die beweerde oortreding te bewys.

(4) Where in any prosecution in terms of this Act it is alleged that an offence was committed on a toll road, the road concerned shall, in absence of evidence to the contrary, be presumed to be a toll road.".

Amendment of section 60 of Act 7 of 1998

6. Section 60 of The South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998, is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:

"**Amendment, exclusion and repeal of laws**"; and

(b) by the addition of the following subsection:

"(3) Despite the provisions of the National Credit Act, 2005 (Act No. 34 of 2005), the provisions of that Act are not applicable to the levying and collecting of toll in terms of this Act.".

Amendment of Contents of Act 7 of 1998

7. The Contents of Act after the long title of The South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998, is hereby amended by the insertion after "59. Limitation on legal proceedings against Agency" of the following:

"59A. Presumptions".

Short title and commencement

8. This Act is called the Transport Laws and Related Matters Amendment Act, 2013, and comes into operation on a date determined by the President by proclamation in the *Gazette*.

(4) Waar in enige vervolging ingevolge hierdie Wet beweer word dat 'n misdryf op 'n tolpad gepleeg is, word die pad, by gebrek aan bewyse tot die teendeel, geag 'n tolpad te wees.".

Wysiging van artikel 60 van Wet 7 van 1998

6. Artikel 60 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998, word hierby gewysig—

(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"**Wysiging, uitsluiting en herroeping van wette**"; en

(b) deur die volgende subartikel by te voeg:

"(3) Ondanks die bepalings van die 'National Credit Act, 2005' (Wet No. 34 van 2005), is die bepalings van daardie Wet nie van toepassing op die heffing en invordering van tol ingevolge hierdie Wet nie.".

Wysiging van Inhoud van Wet 7 van 1998

7. Die Inhoud van Artikels na die lang titel van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998, word hierby gewysig deur na "59. Beperking van regsgedinge teen Agentskap" die volgende in te voeg:

"59A. Veronderstellings".

Kort titel en inwerkingtreding

8. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Vervoerwette en Aanverwante Aangeleenthede, 2013, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.